PAIA Handleiding

Opgestel ooreenkomstig Artikel 51 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000 (soos gewysig)

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

Santam

WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, WET 2 VAN 2000 (SOOS GEWYSIG) HANDLEIDING

INHOUDSOPGAWE

1.		Lys van akronieme en afkortings	2
2.		Doel van PAIA handleiding	3
3.		Wie mag inligting ingevolge die wet versoek?	3
	3.1	Kontakbesonderhede	4
	3.2	Voorgeskrewe vorm met betrekking tot toegang	4
	3.3	Voorgeskrewe gelde	4
4.		Riglyne oor gebruik van PAIA en hoe om toegang tot die riglyne te verkry	5
5.		Kategorieë rekords	7
	5.1	Menslike Hulpbronne-afdeling	7
	5.2	Ander interne rekords	7
	5.3	Kliëntverwante rekords	7
	5.4	Santam-rekords	7
	5.5	Ander partye	7
	5.6	Rekords beskikbaar ingevolge ander wetgewing	8
6.		Kategorieë inligtingsrekords	8
7.		Besluitnemingsproses	9
8.		Derde partye	10
9.		Gronde vir weiering van 'n versoek	10
10.		Regte op appèl	11
11.		Verwerking van persoonlike inligting ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013	12
12.		Santam inligting sekuriteitmaatreëls	15
13.		Beskikbaarheid van die handleiding	15
14.		Bywerking van die handleiding	15

1. LYS VAN AKRONIEME EN AFKORTINGS

1.1	**"HUB"**	Hoof Uitvoerende Beampte
1.2	**"AIB"**	Adjunk-inligtingsbeampte
1.3	**"IB"**	Inligtingsbeampte
1.4	**"Minister"**	Minister of Justisie en Korrektiewe Dienste
1.5	**"PAIA"**	Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000 (soos gewysig)
1.6	**"POPIA"**	Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2012
1.7	**"Reguleerder"**	Inligtingsreguleerder
1.8	**"Republiek"**	Republiek van Suid-Afrika

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, WET 2 VAN 2000 (SOOS GEWYSIG) HANDLEIDING

2. DOEL VAN PAIA HANDLEIDING

Artikel 32 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Nr. 108 van 1996 ("die Grondwet"), bepaal dat:

(1) Elkeen die reg het op toegang tot –

(a) enige inligting wat deur die Staat gehou word; en

(b) enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige regte.

(2) Nasionale wetgewing verorden moet word om gevolg te gee aan hierdie reg en voorsiening kan maak vir redelike maatreëls om die administratiewe en finansiële las op die Staat te verlig.

Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Nr. 2 van 2000 ("die Wet"), gee uitvoering aan Artikel 32 van die Grondwet, waarin die grondwetlike reg op toegang tot enige inligting wat deur die Staat gehou word en enige inligting wat deur 'n ander persoon gehou word en benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige regte, vasgelê is. Wanneer 'n versoek ingevolge hierdie Wet gerig word, moet 'n private of openbare liggaam (soos in die Wet bedoel) aan wie die versoek gerig is toegang tot die inligting verleen, behalwe waar die Wet uitdruklik bepaal dat die inligting nie geopenbaar mag word nie. Die Wet sit die vereiste procedure-aangeleenthede wat met sodanige versoek in verband staan, uiteen. Hierdie handleiding is dus van toepassing op versoeke om toegang tot rekords wat deur Santam Beperk, as die private liggaam bedoel in die Wet, gehou word.

Hierdie PAIA handleiding is nuttig vir die publiek om –

2.1 hulle te vergewis van die kategorieë rekords wat deur 'n liggaam gehou word en beskikbaar is sonder dat 'n persoon 'n amptelike PAIA-versoek hoef te rig;

2.2 'n goeie begrip te hê van hoe om 'n versoek om toegang tot 'n rekord wat deur 'n liggaam gehou word, te rig deur 'n beskrywing te gee van die persone oor wie die liggaam rekords hou en die kategorieë rekords wat oor elke persoon gehou word;

2.3 die beskrywing te ken van die rekords van die liggaam wat ingevolge enige ander wegewing beskikbaar is;

2.4 toegang te verkry tot al die tersaaklike kontakbesonderhede van die Inligtingsbeampte en Adjunk-inligtingsbeampte wat die publiek sal bystaan met die rekords waartoe hulle toegang wil verkry;

2.5 die beskrywing te ken van die riglyne oor die gebruik van PAIA, soos bygewerk deur die Reguleerder, en hoe om toegang daartoe te verkry;

2.6 te weet of die liggaam persoonlike inligting sal verwerk, die doel van die verwerking van persoonlike inligting en die beskrywing van die datasubjekkategorieë en die inligting of kategorieë inligting wat daarmee verband hou;

2.7 die beskrywing van die datasubjekkategorieë en van die inligting of kategorieë inligting wat daarmee verband hou, te ken;

2.8 die ontvangers of kategorieë ontvangers aan wie die persoonlike inligting verskaf mag word, te ken;

2.9 te weet of die liggaam beplan om persoonlike inligting buite die Republiek van Suid-Afrika oor te dra of te verwerk, en die ontvangers of kategorieë ontvangers aan wie die persoonlike inligting verskaf mag word; en

2.10 te weet of die ligaam geskikte veiligheidsmaatreëls het om die betroubaarheid, integriteit en beskikbaarheid van die persoonlike inligting wat verwerk moet word, te verseker.

3. WIE MAG INLIGTING OOREENKOMSTIG DIE WET AANVRA?

Enige persoon wat inligting benodig vir die uitoefening of beskerming van enige regte mag inligting van Santam aanvra. Artikel 50 van die Wet bepaal dat:

(1) 'n Versoeker toegang tot enige rekord van 'n private liggaam verleen moet word indien –

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

(a) daardie rekord vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word;

(b) daardie persoon aan die prosedurevereistes voldoen wat betrekking het op 'n versoek om daardie rekord; en

(c) toegang tot daardie rekord nie ingevolge enige grond vir weiering wat in Hoofstuk 4 van hierdie Deel bedoel word, geweier is nie.

3.1 Belangrike kontakbesonderhede vir toegang tot inligting van Santam Beperk

Enige persoon wat enige inligting van Santam Beperk wil aanvra met die doel om 'n reg te beskerm of uit te oefen, mag die Inligtingsbeampte by die onderstaande besonderhede kontak:

Versoeke moet gerig word aan:	Santam Inligtingsbeampte
Posadres:	Santam Beperk Posbus 3881 Tygervallei 7536
Straatadres:	Sporticasingel 1 Tygervallei Bellville 7530
Telefoonnommer:	(021) 915 7000
E-posadres:	SantamPrivacyOffice@santam.co.za

3.2 Voorgeskrewe toegangsvorm

Ingevolge Artikel 53 moet 'n versoek om toegang tot 'n rekord wat deur Santam Beperk gehou word op die voorgeskrewe aan Santam Beperk gerig word by die bostaande adres of elektroniese posadres. Ooreenkomstig die vorm moet u, die versoeker, die volgende inligting verskaf:

- genoeg inligting om die versoeker te identifiseer;
- genoeg inligting om die rekord(s) wat aangevra word, te identifiseer;
- die vorm van toegang wat benodig word;
- die versoeker se posadres of faksnommer;
- identifikasie van die reg wat uitgeoefen of beskerm moet word;
- 'n verduideliking van waarom die rekord nodig is om daardie reg uit te oefen of te beskerm;
- die wyse waarop die versoeker ingelig wil word van die besluit oor die versoek, indien op 'n wyse bykomend tot skriftelike kennisgewing; en
- indien die versoek namens 'n persoon gerig word, bewys van die hoedanigheid waarin die versoeker die versoek rig, tot die bevrediging van Santam Inligtingsbeampte.

Verwys na **VORM 2** by hierdie handleiding vir die formaat van die voorgeskrewe vorm. Versoekers moet asseblief daarop let dat al die inligting wat hierbo gelys word, verskaf moet word, by gebreke waarvan die proses vertraag sal word terwyl Santam Beperk sodanige bykomende inligting aanvra. Die voorgeskrewe tydperke sal nie begin totdat die versoeker alle tersaaklike inligting aan Santam Beperk voorsien het nie.

3.3 Voorgeskrewe gelde

Betaling van gelde word ingevolge Artikel 54 van die Wet gereguleer. Die Regulasies van die Wet maak vir twee soorte gelde voorsiening:

- **Versoekgelde:** Dit is nie-terugbetaalbare administrasiegelde wat deur alle versoekers betaal word. Dit word betaal voordat die versoek oorweeg word.
- **Toegangsgelde:** Dit word deur alle versoekers betaal slegs wanneer toegang verleen word. Hierdie gelde is bedoel om die private liggaam te vergoed vir die koste van die soek van 'n rekord en die voorbereiding daarvan vir lewering aan die versoeker.

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

Santam Beperk mag 'n rekord teerughou totdat die toeganggeld en die deposito (indien van toepassing) betaal is. verwys na **VORM 3** hieronder vir 'n lys van toepaslike gelde.

3.3.1 Versoeker

'n Versoeker moet skriftelik in kennis gestel word van die versoekgelde en bedrag wat betaal moet word voordat die versoek verder verwerk kan word.

Indien die soek na 'n rekord, of die voorbereiding van die rekord vir openbaarmaking, meer tyd as die voorgeskrewe ure sal neem, kan van die versoeker vereis word om 'n deposito te betaal, synde nie meer as een derde van die toegangsgelde wat betaalbaar sou wees indien die versoek toegestaan word nie. Indien die versoek geweier word, moet die deposito aan die versoeker terugbetaal word.

Die kennisgewing aan die versoeker moet die versoeker in kennis stel dat hulle die reg het om by die hof aansoek te doen om vrystelling van die betaling van die versoekgelde of deposito, en hulle ook inlig omtrent die prosedure vir die versoek.

4. RIGLYNE OOR DIE GEBRUIK VAN PAIA EN HOE OM TOEGANG TOT DIE RIGLYNE TE VERKRY

4.1 Ingevolge Artikel 10(1) van PAIA, soos gewysig, het die Reguleerder die Riglyne oor die gebruik van PAIA (Riglyne") bygewerk en dit in 'n maklik verstaanbare formaat en wyse beskikbaar gestel, soos wat redelikerwys benodig mag word deur 'n persoon wat enige reg in PAIA en POPIA bedoel, wil uitoefen.

4.2 Die Riglyne is in elk van die amptelike tale en in braille beskikbaar.

4.3 Die Riglyne bevat die beskrywing van –

4.3.1 4.3.1 die oogmerke van PAIA en POPIA;

4.3.2 die pos- en straatadres, telefoon- en faksnommers en, indien beskikbaar, die elektroniese posadres van –

4.3.2.1 die Inligtingsbeampte van elke openbare liggaam, en

4.3.2.2 elke Adjunk-inligtingsbeampte van elke openbare en private liggaam aangewys ingevolge Artikel 17(1) van PAIA en Artikel 56 van POPIA[2];

4.3.3 die wyse en vorm van 'n versoek om –

4.3.3.1 toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam bedoel in Artikel 11[3] ; en

4.3.3.2 toegang tot 'n rekord van 'n private liggaam bedoel in Artikel 50[4];

4.3.4 die bystand beskikbaar van die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam ingevolge PAIA en POPIA;

---

[1]*Artikel 17(1) van PAIA – Vir die doeleindes van PAIA moet elke openbare liggaam, behoudens wetgewing wat die indiensneming van personeel van die betrokke openbare liggaam reguleer, sodanige getal persone as Adjunk-inligtingsbeamptes aanwys soos wat nodig is om die openbare liggaam so toeganklik moontlik te maak vir versoekers van sy rekords.*

[2]*Artikel 56(a) van POPIA – Elke openbare en private liggaam moet op die wyse voorgeskryf in Artikel van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, met die nodige veranderinge, voorsiening maak vir die aanwysing van sodanige getal persone, indien enige, as Adjunk-inligtingsbeamptes soos wat nodig is om die pligte en verantwoordelikhede soos in Artikel 55(1) van POPIA uiteengesit, uit te voer..*

[3]*Artikel 11(1) van PAIA – 'n Versoeker moet toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam verleen word indien daardie versoeker aan al die prosesvereistes van PAIA voldoen met betrekking tot 'n versoek om toegang tot daardie rekord; en toegang tot daardie rekord is nie geweier ingevolge enige grond vir weiering soos bedoel in Hoofstuk [4] van hierdie Deel nie.*

[4]*Artikel 50(1) van PAIA – 'n Versoeker moet toegang tot enige rekord van 'n private liggaam verleen word indien –*

a) daardie rekord vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word;

b) daardie persoon aan die prosesvereistes van PAIA voldoen met betrekking tot 'n versoek om toegang tot daardie rekord; en

c) toegang tot daardie rekord nie geweier is ingevolge enige grond vir weiering soos bedoel in Hoofstuk 4 van hierdie Deel.

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

4.3.5 die bystand beskikbaar van die Reguleerder ingevolge PAIA en POPIA;

alle regsmiddele wat beskikbaar is aangaande 'n handeling of versuim met betrekking tot 'n reg of plig verleen of opgelê deur PAIA en POPIA, insluitende die wyse van –

4.3.5.1 indiening van 'n klagte by die Reguleerder; en

4.3.5.2 indiening van 'n aansoek by 'n hof teen 'n besluit deur die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam, 'n besluit op interne appèl of 'n besluit deur die Reguleerder of 'n besluit van die hoof van 'n private liggaam;

4.3.6 die bepalings van Artikels 14[5] en 51[6] wat onderskeidelik van 'n openbare liggaam en 'n private liggaam vereis om 'n handleiding saam te stel, en hoe om toegang tot 'n handleiding te verkry;

4.3.7 die bepalings van Artikels 15[7] en 52[8] wat onderskeidelik voorsiening maak vir die vrywillige openbaarmaking van kategorieë rekords deur 'n openbare liggaam en 'n private liggaam;

4.3.8 die kennisgewings wat ingevolge Artikels 22[9] en 54[10] uitgereik word aangaande gelde wat met betrekking tot versoeke om toegang betaal moet word; en

4.3.9 die regulasies wat ingevolge Artikel 92[11] uitgevaardig word.

4.4 Lede van die publiek mag gedurende gewone werkure die Riglyne van die kantore van die openbare en private liggame, insluitende die kantoor van die Reguleerder, besigtig of afskrifte daarvan maak.

4.5 Die Riglyne kan ook –

4.5.1 op aanvraag by die Inligtingsbeampte;

4.5.2 van die webwerf van die Reguleerder (www.inforegulator.org.za) verkry word.

4.6 'n Afskrif van die Riglyne is ook in twee amptelike tale, naamlik Afrikaans en Engels, gedurende gewone kantoorure ter insae beskikbaar.

---

[5] *Artikel 14(1) van PAIA – Die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam moet, in minstens drie amptelike tale, 'n handleiding beskikbaar stel wat die inligting wat in paragraaf 4 hierbo gelys word, bevat.*

[6] *Artikel 51(1) van PAIA – Die hoof van 'n private liggaam moet 'n handleiding beskikbaar stel wat die beskrywing van die inligting wat in paragraaf 4 hierbo gelys word, bevat.*

[7] *Artikel 15(1) van PAIA – Die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam moet op die voorgeskrewe wyse 'n beskrywing beskikbaar stel van die kategorieë rekords van die openbare liggaam wat outomaties beskikbaar is sonder dat 'n persoon toegang hoef te versoek.*

[8] *Artikel 52(1) van PAIA – Die hoof van 'n private liggaam mag op 'n vrywillige grondslag en op die voorgeskrewe wyse 'n beskrywing beskikbaar stel van die kategorieë rekords van die private liggaam wat outomaties beskikbaar is sonder dat 'n persoon toegang hoef te versoek.*

[9] *Artikel 22(1) van PAIA – Die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet met kennisgewing van die versoeker vereis om die voorgeskrewe versoekgelde (indien enige) te betaal voordat die versoek verder verwerk word.*

[10] *Artikel 54(1) van PAIA – Die hoof van 'n private liggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet met kennisgewing van die versoeker vereis om die voorgeskrewe versoekgelde (indien enige) te betaal voordat die versoek verder verwerk word.*

[11] *Artikel 92(1) van PAIA bepaal dat – "Die Minister kan, met kennisgewing in die Staatskoerant, regulasies uitvaardig aangaande –*

(a) enige aangeleentheid wat deur hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word;
(b) enige aangeleenthede rakende die gelde soos bedoel in Artikels 22 en 54;
(c) enige kennisgewing wat deur hierdie Wet vereis word;
(d) eenvormige kriteria wat deur die Inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam toegepas moet word ten einde te besluit watter kategorieë rekords ingevolge Artikel 15 beskikbaar gestel moet word; en
(e) enige administratiewe of prosedure-aangeleentheid wat nodig is om uitvoering aan die bepalings van hierdie Wet te gee."

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

5. KATEGORIEË REKORDS

5.1 Menslike Hulpbronne-afdeling

Rekords in hierdie afdeling bevat inligting oor werknemers wat die volgende insluit:

(i) enige persoonlike rekords wat deur die werknemer/personeel aan Santam Beperk verskaf is;

(ii) enige rekords wat 'n derde party oor sy personeel aan Santam Beperk verskaf het;

(iii) diensvoorwaardes en ander personeelverwante kontraktuele en kwasi-regsdokumente;

(iv) interne evaluasierekords.

5.2 Ander interne rekords en korrespondensie aangaande die betrokke werknemer.

5.3 Kliëntverwante rekords

Kliënte sluit regs- en natuurlike entiteite in wat 'n diens van Santam Beperk ontvang. Hierdie inligting sluit die volgende in:

(i) enige rekords wat 'n kliënt verskaf het aan 'n derde party wat vir en namens Santam Limited optree;

(ii) enige rekords wat 'n derde party aan Santam Beperk verskaf het; en

(iii) rekords wat deur of in Santam Beperk genereer word en op die kliënt betrekking het, insluitende transaksierekords.

5.4 Santam-rekords

Hierdie kategorie rekords hou verband met, maar word nie beperk nie tot die volgende inligting:

(i) Finansiële rekords

(ii) Bedryfsrekords

(iii) Databasisse

(iv) Inligtingstegnologie

(v) Bemarkingsrekords

(vi) Interne korrespondensie

(vii) Produkrekords

(viii) Statutêre rekords

(ix) Interne beleide en prosedures

(x) Tesourie-verwante rekords

(xi) Sekuriteite en aandele

(xii) Rekords wat deur amptenare van Santam Beperk gehou word.

Elke versoek sal volgens meriete beoordeel word. Indien enige rekord binne enige van die kategorieë vrystellings val, sal sodanige versoek geweier word.

5.5 Ander partye

Santam Beperk kan rekords besit wat met ander partye verband hou, insluitende maar nie beperk nie tot kontrakteurs, verskaffers, filiaal-/beheer-/sustermaatskappye, maatskappye in 'n gesamentlike onderneming, en diensverskaffers. Sodanige ander maatskappye kan ook rekords besit wat na bewering aan Santam Beperk behoort.

Die volgende rekords val in hierdie kategorie:

- Rekords van personeel, kliënte of Santam Beperk wat deur 'n ander party in plaas van deur Santam Beperk gehou word; en

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

- Rekords wat deur Santam Beperk gehou word en betrekking het op ander partye, insluitende maar nie beperk nie tot finansiële rekords, korrespondensie, kontraktuele rekords, rekords verskaf deur die ander party, en rekords wat derde partye aangaande die kontrakteur/verskaffers voorsien het.

5.6 Rekords beskikbaar ingevolge ander wetgewing

Die versoeker kan ook inligting aanvra wat beskikbaar is ingevolge wetgewing soos die volgende:

Kategorie van rekords	Toepaslike wetgewing
Personeelinligting soos toegelaat in terme van die Wette	
	Basiese Indiensnemingvoorwaardes Wet 75 van 1997
	Vergoeding vir Werkbeserings en -Siektes Wet 130 van 1993
	Diensbillikheid Wet 55 van 1998
	Arbeidsverhoudinge Wet 66 van 1995
	Werkgesondheid en -Veiligheid Wet 85 van 1993
	Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onregverdige Diskriminasie Wet 4 van 2000
	Vaardigheidsontwikkeling Wet 97 van 1998
	Heffings vir Vaardigheidsontwikkeling Wet 9 van 1999
Maatskappyrapportering en Maatskappyverwante rekords soos toegelaat in terme van die Wette	
	Maatskappye Wet 71 van 2008
	Korttermynversekering Wet 53 van 1998
	Finansiële Adviserende en Tussengangersdienste Wet 37 van 2002
	Versekering Wet 18 van 2017
Belastinginligting aangaande personeel en die maatskappy soos toegelaat in terme van die Wette	
	Inkomstebelasting Wet 58 van 1962
	BTW Wet 97 van 1991

Santam se Inligtingsbeampte van Inligting sal afdeling 9 van die handleiding in ag neem ten einde te besluit of toegang tot enige van die bogenoemde inligting aan die versoeker verleen moet word of nie.

6. KATEGORIEË INLIGTINGSREKORDS WAT BESKIKBAAR IS SONDER DAT 'N PERSOON TOEGANG HOEF TE VERSOEK

Voordat hulle 'n versoek ingevolge PAIA, indien, moet 'n datasubjek wat 'n kliënt van Santam is kyk of ander meganismes beskikbaar is om hul inligting te ontvang. Alle Santam-kliënte mag toegang tot hul eie polisverwante inligting verkry sonder om 'n formele PAIA-versoek te rig.

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

KATEGORIE VAN REKORDS	SOORTE REKORDS	BESKIKBAAR OP AANVRAAG	BESKIKBAAR OP WEBWERF
1. Rekords waarop polishouers geregtig is	Polisinligting met betrekking tot kliente se polis, dws polisskedule, polisbewoording, premiebetaling en eise geskiedenis	x	
2. Inligting waarop sakevennote geregtig is	Inligting oor sakevennote kontrakte, aansoekvorms en betalings	x	
3. Inliting waarop werknemers geregtis is	Dienskontrak inligting	x	
4. Maatskappyverwante rekords	Gepubliseerde finansiële jaarstate		x www.santam.co.za

7. BESLUITNEMINGSPROSES

7.1 Santam se Inligtingsbeampte sal Santam Beperk versoek om alle redelike stappe te doen om 'n aangevraagde rekord te vind. Indien die rekord nie gevind kan word nie of nie bestaan nie, sal Santam se Inligtingsbeampte 'n kennisgewing by wyse van 'n beëdigde of plegtige verklaring aan die versoeker laat uitreik dat dit nie moontlik is om toegang tot die rekord te verleen nie. Indien die rekord egter later gevind word, moet toegang aan die versoeker verleen word indien die versoek andersins toegestaan sou geword het.

Die Santam Inligtingsbeampte sal binne 30 dae ná ontvangs van 'n korrek ingevulde versoek die versoeker in kennis stel van die besluit of die versoek toegestaan sal word of nie.

Indien die versoek:

Toegestaan word, moet die kennisgewing die toepaslike toegangsgelde (indien enige) aandui wat betaal moet word wanneer toegang verkry word, en meld dat die versoeker die reg het om 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of 'n aansoek by die hof in te dien. Die kennisgewing moet ook die prosedure uiteensit wat gevolg moet word indien die versoeker by die hof aansoek wil doen of 'n klagte teen die besluit by die Inligtingsreguleerder wil indien. Die vorm van toegang moet ook in die kennisgewing geopenbaar word. Die kennisgewing moet ook meld dat die versoeker ná die verstryking van die tydperk van 30 dae toegang tot die rekord verleen sal word, tensy 'n klagte binne daardie tydperk by die Inligtingsreguleerder of 'n aansoek by 'n hof ingedien word.

Geweier word, moet die kennisgewing voldoende redes vir die besluit, tesame met die tersaaklike bepalings van die Wet waarop gesteun word, insluit, en ook meld dat die versoeker die reg het om 'n klagte by die Inligtingsreguleerder in te dien of 'n aansoek by die hof in te dien teen die weiering. Die kennisgewing moet ook die prosedure uiteensit wat gevolg moet word indien die versoeker by die hof aansoek wil doen of 'n klagte teen die besluit by die Inligtingsreguleerder wil indien.

7.2 Santam se Inligtingsbeampte kan die tydperk van 30 dae met 'n verdere tydperk van nie meer as 30 dae nie verleng indien:

- die versoek vir 'n groot aantal rekords is of 'n soektog deur 'n groot aantal rekords vereis;
- die versoek 'n soektog vereis vir rekords wat in 'n ander kantoor van Santam Beperk is wat nie in dieselfde stad is nie;
- konsultasie tussen afdelings van Sanlam Beperk of met 'n ander private liggaam vereis word; of
- die versoeker tot die verlenging van die tydperk toestem.

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

Die versoeker moet binne die aanvanklike tydperk van 30 dae skriftelik van die verlenging in kennis gestel word, tesame met redes daarvoor, en dat die versoeker 'n klagte by die Inligtingsreguleerder of 'n aansoek by die hof kan indien teen die verlenging en die prosedure wat gevolg moet word.

Die versuim van Santam se Inligtingsbeampte om die versoeker binne die tydperk van 30 dae te antwoord, word geag weiering van die versoek te wees.

7.3 Santam se Inligtingsbeampte van Inligting kan 'n rekord skei en toegang verleen tot slegs daardie gedeelte waartoe die wet nie toegang verbied nie.

Indien toegang verleen word, moet dit verleen word in die formaat wat redelikerwys deur die versoeker verlang word, of indien die versoeker nie 'n voorkeur aangedui het nie, in 'n formaat wat redelikerwys deur Santam se Inligtingsbeampte bepaal word.

8. DERDE PARTYE

Indien die versoek vir 'n rekord is wat met 'n derde party verband hou, moet Santam se Inligtingsbeampte alle redelike stappe doen om daardie derde party van die versoek in kennis te stel. Dit moet binne 21 dae ná ontvangs van die versoek geskied. Dit moet op die vinnigste wyse moontlik gedoen word, maar indien mondeling moet skriftelike bevestiging van die kennisgewing daarna aan die derde party gegee word. Die derde party moet daarna binne 21 dae vertoë tot Santam Beperk rig oor waarom die versoek geweier moet word, of skriftelik toestemming vir die openbaarmaking van die rekord verleen. Die derde party moet in kennis gestel word van die besluit of die versoek toegestaan of geweier moet word en ook van hul reg om binne 30 dae ná die kennisgewing by wyse van 'n aansoek aan die hof teen die besluit appèl aan te teken.

9. GRONDE VIR WEIERING VAN 'N VERSOEK

Ondanks voldoening aan Artikel 50 kan die versoek geweier word ooreenkomstig een van die voorgeskrewe gronde ingevolge die Wet, naamlik:

9.1 Die Wet verbied die onredelike openbaarmaking van die persoonlike inligting van derde partye wat natuurlike persone is aan versoekers. Dit sluit die persoonlike inligting van afgestorwe persone in. Artikel 63(2) van die Wet maak egter nie voorsiening vir vrystellings hiervan nie.

9.2 'n Versoek moet geweier word indien dit verband hou met rekords wat derdeparty-inligting bevat wat betrekking het op:

- handelsgeheime;
- finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting waar openbaarmaking waarskynlik die kommersiële of finansiële belange van daardie derde party kan skaad; of
- inligting wat vertroulik deur die derde party verskaf is en waarvan die openbaarmaking redelikerwys verwag kan word om die derde party in kontraktuele of ander onderhandelinge te benadeel, of die derde party in kommersiële mededinging te benadeel.

Die inligting moet egter vrygestel word as dit verband hou met die resultate van produk- of omgewingstoetse, waarvan die openbaarmaking 'n ernstige openbare veiligheids- of omgewingsrisiko aan die lig sal bring.

9.3 Die Wet verbied openbaarmaking van inligting indien sodanige openbaarmaking 'n skending sou wees van enige vertroulikheidsplig wat ingevolge 'n ooreenkoms aan 'n derde party verskuldig is.

9.4 'n Versoek om toegang tot 'n rekord wat deur Santam beperk gehou word, moet geweier word indien openbaarmaking redelikerwys verwag kan word om:

- die lewe of fisieke veiligheid van 'n individu in gevaar te stel;
- die veiligheid van 'n gebou, struktuur of stelsel, insluitende maar nie beperk nie tot 'n rekenaar- of kommunikasiestelsel, vervoermiddel of enige ander eiendom, te benadeel of verswak.

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

Santam Beperk kan ook 'n versoek om toegang tot inligting weier wat metodes, stelsels, planne of prosedures vir die beskerming van 'n individu ooreenkomstig 'n getuiebeskermingskema, of die veiligheid van die publiek sal benadeel.

9.5 Die weiering van 'n versoek is verpligtend indien die rekord van voorlegging in geregtelike verrigtinge geprivilegieerd is, tensy die persoon wat op die privilegie geregtig is daarvan afstand gedoen het.

9.6 Toegang tot rekords wat inligting oor Santam Beperk bevat, is nie verpligtend nie, maar eerder diskresionêr. Santam Beperk kan toegang tot 'n rekord weier indien die rekord:

- Santam Beperk se handelsgeheime bevat;
- finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting bevat waarvan die openbaarmaking waarskynlik die kommersiële of finansiële belange van Santam Beperk sal skaad;
- inligting bevat wat, indien dit geopenbaar word, redelikerwys verwag kan word om Santam Beperk in kontraktuele of ander onderhandelinge te benadeel, of Santam Beperk in kommersiële mededinging te benadeel; of uit 'n rekenaarprogram bestaan wat deur Santam Beperk besit word.

Ondanks bostaande moet die inligting vrygestel word indien dit verband hou met die resultate van produk- of omgewingstoetse waarvan die openbaarmaking 'n ernstige openbare veiligheids- of omgewingsrisiko aan die lig sal bring.

9.7 Die openbaarmaking van inligting oor navorsing word verbied waar openbaarmaking waarskynlik die derde party, die persoon wat namens die derde party die navorsing doen, of die onderwerp van die navorsing ernstig kan benadeel. Openbaarmaking is diskresionêr indien sodanige navorsing verband hou met Santam Beperk self.

Ondanks enige van die bogenoemde bepalings moet 'n rekord geopenbaar word indien openbaarmaking daarvan bewys aan die lig sal bring van:

- 'n wesentlike oortreding van of versuim om te voldoen aan die reg;
- 'n dreigende en ernstige risiko vir openbare veiligheid of die omgewing; en
- indien die openbare belang by die openbaarmaking duidelik swaarder weeg as die skade.

10. REGTE OP APPÈL

'n Versoeker wat nie tevrede is met die weiering om toegang tot enige inligting te verleen nie, kan binne 30 dae ná kennisgewing van die besluit die hof se tussenkoms aanvra. 'n Derde party wat nie tevrede is met die besluit om 'n versoek toe te staan nie, kan ook 30 dae ná kennisgewing van die besluit die hof se tussenkoms aanvra.

Daar moet op gelet word dat ondanks enige bepaling van hierdie Wet, die hof die betrokke rekord(s) kan ondersoek. Geen rekord mag op enige gronde van die hof weerhou word nie. Die hof mag egter nie die inhoud van die rekord(s) openbaar maak nie.

Die hof kan enige bevel verleen wat billik en regverdig is, insluitende bevele:

– wat die besluit bevestig, wysig of tersyde stel;
– wat van die Inligtingsbeampte vereis om binne 'n gespesifiseerde tydperk sodanige stappe te doen of hom daarvan te weerhou om enige stappe te doen wat die hof nodig ag;
– wat 'n interdik, tussentydse of bepaalde bystand, 'n verklarende bevel of vergoeding toestaan; of
– 'n bevel betreffende koste.

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

11. VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING INGEVOLGE DIE WET OP BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING, WET NR. 4 VAN 2013

11.1 Santam Beperk moet inligting, insluitende persoonlike inligting soos omskryf in die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, versamel en gebruik in die mate wat nodig is om die funksies, verpligtinge en pligte en sy verpligtinge teenoor datasubjekte en as 'n finansiële maatskappy behoorlik na te kom.

11.2 Santam Beperk verwerk persoonlike inligting van die volgende datasubjekkategorieë:

11.2.1 Werknemer en werkaansoeker

11.2.2 Derdepartyverskaffers

11.2.3 Regulatiewe liggame

11.2.4 Sakevennote met wie Santam 'n sake-ooreenkoms het

11.2.5 Polishouers

11.3 Die doel van die verwerking van persoonlike inligting

Santam versamel en verwerk persoonlike inligting:

- om ons verantwoordelikhede teenoor ons kliënte na te kom;
- om ons verantwoordelikhede teenoor werknemers na te kom;
- om ons kontraktuele verantwoordelikhede teenoor derdeparty-diensverskaffers na te kom;
- om kliënte van produkte en dienste in te lig;
- om te voldoen aan alle wetlike en regulatoriese vereistes, insluitend bedryfsgedragskodes;
- om die wettige belange van Santam Beperk in die bedryf van sy besigheid binne die Groep of derde partye aan wie persoonlike inligting verskaf word, te beskerm en na te streef; en
- vir enige verdere doeleindes wat met bogenoemde verband hou.

1.4 Die ontvangers of kategorieë van ontvangers aan wie die persoonlike inligting verskaf kan word:

KATEGORIE VAN PERSOONLIKE INLIGTING	ONTVANGERS OF KATEGORIEË VAN ONTVANGERS AAN WIE DIE PERSOONLIKE INLIGTING VERSKAF KAN WORD
Polishouerpolisinligting; Maatskappydokumente; Finansiële jaarstate; statutêre vereiste verslae	Regulerende owerhede
Kontrakte met derdeparty-vennote	Enige regs- of regspersoon met 'n toepaslike regsgrondslag
Produkprestasie; beleidsdokumentasie	Makelaars, adviseurs of tussengangers
Ondersoek	Wetstoepassingsagentskappe
Kontrakte met derdeparty-vennote	Derdeparty diensverskaffers

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

11.5 Die volgende kategorieë persoonlike inligting word verwerk om die funksies uit te voer.

1. Voornaam	**ALGEMENE IDENTIFIKASIE-INLIGTING**
2. Middelnaam	
3. Van	
4. Voorletters	
5. Indien openbaarmaking van die naam self inligting aangaande die persoon aan die lig sal bring.	
6. E-posadres	**ALGEMENE KONTAKBESONDERHEDE**
7. Straatadres	
8. Telefoonnommer	
9. Plekinligting	
10. Aanlyn identifiseerder	
11. Enige identifiserende nommer	**ID-/PASPOORTNOMMER/ POLISNOMMER/ AANDEELHOUER-NOMMER/GEBOORTEDATUM/ BETAAL-KODE**
12. Identifiserende simbool	
13. Ander bepaalde aanwysing aan 'n persoon	
14. Die naam van die persoon indien dit saam met ander persoonlike inligting betreffende die persoon verskyn	
15. Persoon se geboortedatum	
16. Ouderdom	
17. Persoonlike menings	**SIENINGS, BEOORDELINGS, MENINGS, AANBEVELINGS**
18. Persoonlike sienings	
19. Persoonlike voorkeure	
20. Sienings/menings van 'n ander individu oor 'n persoon	
21. Oortuigings/filosofiese oortuigings	
22. Gewete	
23. Politieke oortuiging	
24. Huwelikstatus	**HUWELIKSTATUS**
25. Finansiële geskiedenis	**FINANSIëLE GESKIEDENIS**
26. Werkgeskiedenis	**WERKGESKIEDENIS**
27. Korrespondensie van 'n private of vertroulike aard wat gestuur is	**KORRESPONDENSIE VAN 'N PRIVATE OF VERTROULIKE AARD WAT GESTUUR IS**

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

28. Mediese geskiedenis	**MEDIESE INLIGTING**
29. Fisieke gesondheid	
30. Geestesgesondheid	
31. Welsyn	
32. Ongeskiktheid	
33. Bloedgroep	
34. Swangerskap	
35. Ras/Kleur	**GESLAG/ETNISITEIT/NASIONALITEIT**
36. Geslag	
37. Nasionaliteit	
38. Etniese afkoms	
39. Maatskaplike afkoms	
40. Kriminele geskiedenis	**KRIMINELE GESKIEDENIS**
41. Kultuur	**TAAL/OPVOEDING/KULTUUR/GELOOF**
42. Taal	
43. Opvoeding	
44. Geloof	
45. Sekslewe	**SEKSUELE ORIëNTASIE/SEKSLEWE**
46. Seksuele oriëntasie	
47. Vakbondlidmaatskap	**VAKBONDLIDMAATSKAP**
48. Biometrese inligting	**BIOMETRIESE INLIGTING**

11.6 Beplande vloei van persoonlike inligting oor die grense heen

Verdere verwerking en berging kan van Santam vereis om persoonlike inligting na diensverskaffers buite die Republiek van Suid-Afrika te stuur. Santam sal nie u inligting na 'n land stuur wat nie wetgewing soortgelyk aan dié van die RSA vir die beskerming van inligting het nie, tensy ons seker gemaak het dat die ontvanger instem om effektief die beginsels vir die verwerking van inligting ooreenkomstig die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet Nr. 4 van 2013, na te kom. Waar toepaslik, versoek ons die derde partye met wie ons inligting deel om behoorlike maatreëls te tref en toepaslike wette met betrekking tot databeskerming na te kom en die inligting wat ons aan hulle openbaar maak, te beskerm. Ons doen dit deur kontraktuele ooreenkomste met hierdie derde partye. Ons tref ook interne maatreëls om te verseker dat die derde partye wat ons aanstel gepaste maatreëls het om die inligting wat ons aan hulle verskaf, te beskerm.

11.7 Santam Beperk gebruik ook elektroniese en fisiese veiligheidsmaatreëls wat daarop gemik is om vertroulikheid te handhaaf, en verlies van inligting, ongemagtigde toegang tot en skade aan inligting deur ongemagtigde partye te voorkom. Santam Beperk se strategie met betrekking tot kubersekuriteit is in ooreenstemming met standaardbedryfsraamwerke om die doeltreffende bestuur van kubersekuriteitsrisiko vir die organisasie te verseker.

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

11.8 Datasubjekte het die volgende middele waar daar inmenging is met die beskerming van hul persoonlike inligting deur Santam Beperk:

11.8.1 Dien 'n klagte by Santam Beperk se Kliëntesorgafdeling in by **complaints@santam.co.za**, of dien 'n klagte by Santam se Inligtingsbeampte in by **SantamPrivacyOffice@santam.co.za** en, indien nie tevrede nie, dien die klagte op die voorgeskrewe wyse en vorm by die Inligtingsreguleerder in.

11.8.2 Stel 'n aksie om skadevergoeding in by 'n hof wat jurisdiksie het.

11.9 Santam se Beleid oor Privaatheid van Inligting is op die Santam-webwerf www.santam.co.za beskikbaar.

12. SANTAM INLIGTING SEKURITEITMAATREËLS

Santam gebruik sekuriteitskontroles, elektronies en fisies wat ontwerp is om vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van inligting te handhaaf, asook om verlies of ongemagtigde toegang en skade aan inligting deur ongemagtigde partye te voorkom. Santam se kubersekuriteitstrategie is in lyn met bedryfstandaardraamwerke om effektiewe kubersekuriteitrisikobestuur vir die organisasie te verseker. Inligtingsekuriteit word bereik deur 'n geskikte stel verantwoordelikhede, kontroles, standaarde, prosesse en stelsels te implementeer om te verseker dat die inligtingsekuriteitsdoelwitte en -maatreëls van Santam nagekom word.

13. BESKIKBAARHEID VAN DIE HANDLEIDING

13.1 'n Afskrif van die Handleiding is beskikbaar:

13.1.1 op die Santam-webwerf by www.santam.co.za;

13.1.2 by Santam Hoofkantoor vir openbare insae gedurende gewone kantoorure;

13.1.3 op aanvraag en by die betaling van redelike voorgeskrewe gelde beskikbaar aan enige persoon; en

13.1.4 op aanvraag aan die Inligtingsreguleerder.

13.2 Gelde vir 'n afskrif van die handleiding, soos bedoel in Vorm 3 van die Regulasies, is betaalbaar vir elke A4-fotokopie wat gemaak word.

14. BYWERKING VAN DIE HANDLEIDING

Santam se Inligtingsbeampte sal hierdie Handleiding gereeld bywerk soos en wanneer vereis.

Uitgereik deur Santam Beperk

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

VORM 2 | VERSOEK OM TOEGANG TOT REKORD

[Regulasie 7]

LET WEL:

1. Bewys van identiteit moet deur die versoeker aangeheg word.
2. Indien versoeke namens 'n ander persoon gemaak word, moet bewys van sodanige magtiging by hierdie vorm aangeheg word.

AAN: Die Inligtingsbeampte

Adres: _____

_____

E-posadres: _____

Faksnommer: _____

Merk met 'n "X"

☐ Versoek word in my eie naam gemaak ☐ Versoek word namens 'n ander persoon gerig

PERSOONLIKE INLIGTING				
Volle name				
Identiteitsnommer				
Kapasiteit versoek *(wanneer gemaak namens 'n ander persoon)*				
Posadres				
Straatadres				
E-pos adres				
Kontaknommers	Telefoonnommer (B):		Faksimilee:	
	Selfoonnommer:			
Volle name van persoon namens wie versoek word gemaak *(Indien toepaslik)*				
Identiteitsnommer				
Posadres				
Straatadres				
E-pos adres				
Kontaknommers	Telefoonnommer (B):		Faksimilee:	
	Selfoonnommer:			

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye..

BESONDERHEDE VAN REKORD AANGESOEK Verskaf volledige besonderhede van die rekord waartoe toegang versoek word, insluitend die verwysingsnommer indien dit aan jou bekend is, sodat die rekord opgespoor kan word. (Indien die voorsiende spasie onvoldoende is, gaan asseblief voort op 'naparte bladsy en heg dit aan hierdie vorm. Alle bykomende bladsye moet onderteken word.)	
Beskrywing van rekord of relevante deel van die rekord	
Verwysingsnommer, indien beskikbaar	
Enige verdere besonderhede van rekord	

TIPE REKORD (Merk die toepaslike blokkie met 'n "X")	
Rekord is in geskrewe of gedrukte vorm	
Rekord bestaan uit virtuele beelde *(dit sluit foto's, skyfies, video-opnames, rekenaargegenereerde beelde, sketse, ens.)*	
Rekord bestaan uit opgeneemde woorde of inligting wat in klank weergegee kan word	
Rekord word op 'n rekenaar of in 'n elektroniese, of masjienleesbare vorm gehou	

VORM VAN TOEGANG (Merk die toepaslike blokkie met 'n "X")	
Gedrukte kopie van rekord *(insluitend kopieë van enige virtuele beelde, transkripsies en inligting wat op rekenaar of in 'n elektroniese of masjienleesbare vorm gehou word)*	
Geskrewe of gedrukte transkripsie van virtuele beelde *(dit sluit foto's, skyfies, videoopnames, rekenaargegenereerde beelde, sketse, ens.)*	
Transkripsie van klankbaan *(geskrewe of gedrukte dokument)*	
Afskrif van rekord op 'n geheuestokkie *(insluitend virtuele beelde en klankbane)*	
Afskrif van rekord op kompakskyfskyf *(insluitend virtuele beelde en klankbane)*	
Afskrif van rekord gestoor op wolkbergingsbediener	

WYSE VAN TOEGANG (Merk die toepaslike blokkie met 'n "X")	
Persoonlike insae van rekord by geregistreerde adres van openbare/private liggaam *(insluitend luister na opgeneemde woorde, inligting wat in klank gereproduseer kan word, of inligting wat op rekenaar of in 'n elektroniese of masjienleesbare vorm gehou word)*	
Posdienste na posadres	
Posdienste na straatadres	
Koerierdiens na straatadres	
Faksimilee van inligting in geskrewe of gedrukte formaat *(insluitend transkripsies)*	
E-pos met inligting *(insluitend klankbane indien moontlik)*	
Wolkdeel/lêeroordrag	
Verkose taal *(Let daarop dat indien die rekord nie beskikbaar is in die taal wat jy verkies nie, toegang verleen kan word in die taal waarin die rekord beskikbaar is)*	

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye..

WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, WET 2 VAN 2000 (SOOS GEWYSIG) HANDLEIDING

BESONDERHEDE VAN REG OM UIT TE UITOEFEEN OF BESKERM TE WORD Indien die voorsiene spasie onvoldoende is, gaan asseblief voort op 'n aparte bladsy en heg dit aan hierdie vorm. Die versoeker moet al die bykomende bladsye onderteken.	
Dui aan watter reg uitgeoefen moet word of beskerm	

FOOIE	
a)	'n Versoekfooi moet betaal word voordat die versoek oorweeg sal word.
b)	Jy sal in kennis gestel word van die bedrag van die toegangsfooi wat betaal moet word.
c)	Die fooi betaalbaar vir toegang tot 'n rekord hang af van die vorm waarin toegang vereis word en die redelike tyd wat nodig is om na 'n rekord te soek en voor te berei.
d)	Indien jy kwalifiseer vir vrystelling van die betaling van enige fooi, meld asseblief die rede vir vrystelling.
Rede	

U sal skriftelik in kennis gestel word of u versoek goedgekeur of geweier is en indien dit goedgekeur is, die koste wat met u versoek verband hou, indien enige. Dui asseblief jou voorkeur manier van korrespondensie aan:

Posadres	Faksimilee	Elektroniese kommunikasie (Spesifiseer asseblief)

Geteken te _____ hierdie _____ dag van _____ 20 _____

_____

Versoeker/persoon namens wie versoek gedoen word

VIR AMPTELIKE GEBRUIK

Verwysingsnommer:	
Versoek ontvang deur: *(Staatsrang, naam en van van Inligtingsbeampte)*	
Datum ontvang:	
Toegangsfooie:	
Deposito (indien enige):	

_____

Handtekening van Inligtingsbeampte

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

VORM 3 | UITKOMS VAN VERSOEK EN VAN GELDE BETAALBAAR

[Regulasie 8]

LET WEL:

1. Indien u versoek toegestaan word die—
   (a) bedrag van die deposito, (indien enige), betaalbaar is voordat u versoek verwerk word; en
   (b) gevraagde rekord/gedeelte van die rekord sal eers vrygestel word sodra bewys van volle betaling ontvang is.
2. Gebruik asseblief die verwysingsnommer hieronder in alle toekomstige korrespondensie.

   Verwysingsnommer: _____

   AAN: _____

   Jou versoek gedateer _____, verwys.

1. Jy het versoek:

Persoonlike inspeksie van inligting by geregistreerde adres van openbare/private liggaam *(insluitend luister na opgeneemde woorde, inligting wat in klank gereproduseer kan word, of inligting wat op rekenaar of in 'n elektroniese of masjienleesbare vorm gehou word)* is gratis. Daar word van u verwag om 'n afspraak te maak vir die inspeksie van die inligting en om hierdie vorm saam met u te bring. As jy dan enige vorm van reproduksie van die inligting verlang, sal jy aanspreeklik wees vir die fooie wat in Bylae B voorgeskryf word.	

OF

2. Jy het versoek:

Gedrukte kopieë van die inligting *(insluitend kopieë van enige virtuele beelde, transkripsies en inligting wat op rekenaar of in 'n elektroniese of masjienleesbare vorm gehou word)*	
Geskrewe of gedrukte transkripsie van virtuele beelde *(dit sluit foto's, skyfies, videoopnames, rekenaargegenereerde beelde, sketse, ens.)*	
Transkripsie van klankbaan *(geskrewe of gedrukte dokument)*	
Afskrif van inligting op 'n geheuestokkie *(insluitend virtuele beelde en klankbane)*	
Afskrif van inligting op kompakskyfskyf *(insluitend virtuele beelde en klankbane)*	
Afskrif van rekord gestoor op wolkbergingsbediener	

3. Om ingedien te word:

Posdienste na posadres	
Posdienste na straatadres	
Koerierdiens na straatadres	
Faksimilee van inligting in geskrewe of gedrukte formaat *(insluitend transkripsies)*	
E-pos met inligting *(insluitend klankbane indien moontlik)*	
Wolkdeel/lêeroordrag	
Verkose taal: *(Let daarop dat indien die rekord nie beskikbaar is in die taal wat jy verkies nie, toegang verleen kan word in die taal waarin die rekord beskikbaar is)*	

Neem asseblief kennis dat u versoek:

☐ Goedgekeur

☐ Geweier, om die volgende redes:

_____

_____

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

4. Fooie betaalbaar met betrekking tot u versoek:

Item	Cost per A4-size page or part thereof/item	Number of pages/ items	Total
Fotostaat			
Gedrukte kopie			
Vir 'n kopie in 'n rekenaarleesbare vorm op: (i) Geheuestokkie – Moet deur die versoeker verskaf word (ii) Kompakskyf – Indien verskaf deur aanvraer – Indien aan die versoeker verskaf	R40.00 R40.00 R60.00		
Vir 'n transkripsie van visuele beelde per A4-grootte bladsy	Diens om te wees uitgekontrakteer. Sal afhang van die aanhaling van die diensverskaffer		
Afskrif van visuele beelde			
Transkripsie van 'n oudiorekord, per A4-grootte	R24.00		
Afskrif van 'n oudiorekord (i) Geheuestokkie – Moet deur die versoeker verskaf word (ii) Kompakskyf – Indien verskaf deur aanvraer – Indien aan die versoeker verskaf	R40.00 R40.00 R60.00		
Posgeld, e-pos of enige ander elektroniese oordrag:	Werklike koste		
TOTAAL:			

5. Deposito betaalbaar (indien soektog langer as ses uur):

☐ Ja ☐ Nee

Ure van soek		Bedrag van deposito *(bereken op een derde van totale bedrag per versoek)*	

Die bedrag moet in die volgende bankrekening inbetaal word:

Naam van bank: _____

Naam van rekeninghouer: _____

Tipe rekening: _____

Rekening nommer: _____

Takkode: _____

Verwysingsnommer: _____

Dien bewys van betaling in by: _____

Geteken te _____ **hierdie** _____ **dag van** _____ **20** ____

_____

Inligtingsbeampte

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416),
'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.